Gansbaai Herald, 2 June 2010, pages 1-2

OU MUTUAL
Hoofweg 15, Gansbaai
PERSOONLIKE FINANSIËLE ADVIES
Is u bekommerd oor u toekoms?
•Lewens-, Ongeskiktheid Dekking
•Ernstige Siekte Dekking
•Spaar-, Begrafnis-, Aftree Planne
•Oxygen Mediesefonds
•Testamente
•Korttermynversekering en vele meer ...
Anneri Carstens : 028 384 0376

Gansbaai Herald
Tel: (028) 384 3800 • Faks: (028) 384 2397
e-pos: courant@itec.co.za

DIE BUITESTEEN
Doverstr.3, De Kelders
Tel: 028 384 0601
BESTE STEAK & SEEKOS IN DIE DORP!!!

JAARGANG 14 WOENSDAG, 2 Junie 2010 R3-80 BTW ingesluit

"Solar" TV skenking welkom

"Die skenking van hierdie solar TV en bybehore is vir ons 'n groot aanwins en sal nie net vir die wêreldsokkerreeks benut word nie, maar vir toekomstige effektiewe opleiding aan ons gemeenskap se kinders," het mnr Kat Myburgh, Areabestuurder van die Overstrandse Munisipaliteit se Gansbaai Administrasie, gesê. Mnr Myburgh het die groot skerm sonkrag (solar) TV, geskenk deur SolarWorld, op Saterdag, 29 Junie in ontvangs geneem. Mnr Gregor Küpper, Besturende Direkteur: SolarWorld Africa, het die oorhandiging gedoen. "Education being one of South Africa's major problems, along with minimal access to learning in rural and disadvantaged communities, SolarWorld Africa (Pty) Ltd, subsidiary of global solar-power technology leader SolarWorld AG Group, is embarking on providing sustainable access to education through the installation of independent solar power units in these communities. In light of this, SolarWorld Africa is installing more than 35 solar media stations throughout Southern Africa before the Soccer World Cup," het mnr Küpper tydens die oorhandiging gesê. Gansbaai Gemeenskaplike Sportsentrum is een van die 10 bevoorregte instansies landswyd wat nou met 'n sonkrag TV in die klubhuis spog. Die *Sun-TV Stations* van SolarWorld sal plattelandse- en voorheen benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika die geleentheid bied om deel te wees van die Sokker Wêreldbeker, sonder dat lang afstande gereis moet word. Die onderskeie sprekers het ook die sokkerspannetjies toegespreek en klem geplaas op die groot voorreg wat hulle te beurt geval het. ***(Vervolg bl. 2)***

Vlnr is mnr Gregor Küpper (SolarWorld), mnr Kat Myburgh (Munisipaliteit), mnr Axel Ohm (Experience Life) en Leàn Terblanche (Football Foundation) tydens die oorhandiging van 'n sonkrag TV met bybehore vir gebruik deur Gansbaai Gemeenskaplike Sportgronde.

(Van bl. 1) Mnr Axel Ohm het die *Dibanisa & the Sun TV* projek aan die toehoorders bekendgestel. "The positive impact of public fan parks on the spirit of the World Cup in Germany, 2006, moved us to provide this sort of viewing opportunity at the World Cup in South Africa. Since many people in the Western Cape will not be able to afford tickets to the games, we want to promote access to the games with our Sun-TV Stations. In places like Gansbaai, young people can now jointly watch the games whilst improving their education beyond sports," het mnr Ohm gesê, "and at the same time we can demonstrate the multiple applications of this modern and sustainable solar technology." Leàn Terblanche van die Football Foundation het gesê die dag se verrigtinge kan as 'n reuse sukses beskou word. Na die oorhandiging is die afgevaardigdes met verversings deur die Overstrand Munisipaliteit onthaal. Vir verdere inligting rakende SolarWorld kan hulle webtuistes, www.solarworld-africa.co.za en www.sun-to-power.com, besoek word.

Die "Bafana Bafana" sokkerspan van Gansbaai Football Foundation, met hulle afrigter, Sicelo Heukile, regs.

Nicola Knaust

Wêreldsokker skop af in Gansbaai

Etlike "wêreld"-sokkerspanne het op Saterdag, 29 Junie om 09:00 op Gansbaai se Gemeenskaplike Sportgronde afgeskop en die sokkervelde is warm gespeel. Skoolsokkerspanne, o/13's en o/15's, het elk met hul betrokke lande se "sokkertruie", asook 'n "landsvlag", gespog. Behalwe vir die spannende wedstryde, is die suksesvolle dag verder gekenmerk deur musiek, wapperende vlae, gesigverf (vlae op die kinders se wange) en die opvoering van die passievolle diski dance, waaraan Blompark se gewilde Klopse Dansertjies van Sylvie Agenbach ook deelgeneem het. Die mededinging tydens die Mini-Wêreldbeker in Gansbaai was erg en die spannetjies het hulle harte uitgespeel. Altesaam 18 spanne het al 16 wêreldlande tydens die groot geleentheid verteenwoordig. Die Suid-Afrikaanse span, Bafana Bafana van die Football Foundation, het in hulle eerste wedstryd teen Japan gelykop met 2-2 geëindig. In hulle tweede wedstryd het hulle Mexiko met 1-0 geklop, met hulle afrigter, Sicelo Heukile, wat sommer baie tevrede met sy span se vertoning gelyk het. "Na maande se intensiewe voorbereiding en organisering kan die Football Foundation se Mini-Wêreldbeker in Gansbaai meer as tevrede voel met die suksesvolle verloop van die dag," het Leàn Terblanche van die Football Foundation gesê.

Hardus Botha

Oppi Koffie
LIGHT LUNCHES BEST Omelets
AGS & PPK